Lynne **Rippenaar**

VIGS op Stellenbosch?

Vra enigeen om 'n prentjie van die Universiteit Stellenbosch te skets en jy sal seer seker hoor hoe mooi 'n kampus, omring deur talle akkerbome en wynplase Stellenbosch is. Wat jy egter min sal hoor is dat ook op Stellenbosch daar studente is wat met MIV en Vigs leef.

Na beraming het tussen 3 en 8% Suid-Afrikaanse studente MIV/Vigs. Of dit 'n refleksie is op die US se getalle, is nie belangrik vir Monica du Toit, MIV/Vigs Koördineerder van Studentegesondheidsdienste. Haar eerste prioriteit is om studente gemakliker oor seksuele kwessies te laat praat en om hul keuses op die regte feite te baseer. "Baie studente het die wanpersepsie dat MIV/Vigs 'n siekte is wat net onder die arm gemeenskap en swartmense voorkom," sê Monica. Om hierdie rede is die projekspan uitgebrei met die aanstelling van Fanie de Villiers, 'n kollega wat MIV-positief is, en wat sy eie verhaal gebruik om studentemenings te verander.

Volgens Monica is dit skokkend dat in 'n land waar die MIV/Vigs epidemie se verspreiding vreesaanjaend hoog word, studente nog nie die erns van die saak begryp nie en glad nie die feite ken nie.

Die Departement Gesondheid toon dat daar in 2004 tussen 5,7 en 6,2 miljoen Suid Afrikaners was wat reeds geïnfekteer is, waarvan ongeveer 4,4 miljoen vroue tussen die ouderdom van 20 en 29 jaar is. Die jaarlikse voorgeboorte opname toon ook dat 29,5 % van swanger vroue in Suid Afrika MIV-positief is.

Die klein oorwinnings op kampus kyk sy glad nie mis nie. Tussen Januarie 2003 en Augustus 2005 was daar 'n 62% groei in die gebruik van toetsdienste op kampus, maar sê Monica, is daar nog baie studente wat nie die gratis toetse en beradingsdienste by Studente-gesondheidsdienste gebruik nie. En volgens kondoom verspreidingsyfers blyk dit studente het hierdie dienste wél nodig. Per maand word omtrent 31 050 kondome in 18 akademiese geboue op kampus versprei. Steeds bly dit 'n uitdaging om die 30 bestaande houers op 'n weeklikse basis vol te hou. Sommige houers word reeds 2 maal per week hervul. "Suid-Afrikaners moet besef dat MIV/Vigs ook die univer-siteitsomgewing binnegedring het. Volgens die Departement van Gesondheid se 2004 nasionale voorgeboorte studie is daar 'n 30,8% voorkoms van MIV onder jongmense tussen 20 en 24 jaar en 'n 38,8% voorkoms onder 25 tot 29 jariges. Universiteite het hier die unieke geleentheid om sy onderrigfunksie te gebruik om leiers op te lei wat die epidemie kan bestuur, maar ook om jong volwassenes te kan beskerm teen 'n epidemie wat reeds as 'n noodtoestand gereken moet word."

Die Universiteit probeer sy deel doen deur studenteportuurleiers op te lei om medestudente te adviseer. Die 37 portuurleiers is ook die dryfkrag agter die onlangse Ken jou Status-veldtog. Hierdie veldtog maak beskikbare dienste op kampus aan studente bekend, probeer ook om negatiewe opvattings oor MIV-toetsing te verander en om studente met potensiële risiko die geleetheid te bied om binne 'n veilige omgewing hul gedrag te evalueer en te verander.

Die tema van hierdie jaar se veldtog was *Grow Up and Get Tested* en studente het 'n ABC armband ontvang vir hul deelname. Die veldtog is gegrond op 'n 3-stap benadering: Kry inligting by die inligtingstalletjie (A); Maak 'n afspraak by 'n toetsstasie (B) en Ken jou status (C). "Die sukses van die veldtog kan verder toegeskryf word aan positiewe leierskap. Die Rektor het reeds by die Ken Jou Status-veldtogte van 2003 en 2004 aangemeld vir MIV-toetsing en op so 'n manier ander gemotiveer om sy voorbeeld te volg," sê Monica.

"Ek lewe my lewe voluit"

Fanie de Villiers is nie iemand wat toelaat dat MIV/Vigs sy lewe regeer nie. Hy leef al 21 jaar met die virus en vir hom het dit nou al in 'n chroniese siekte ontaard wat hy net goed moet bestuur.

"Ek lei 'n normale lewe en ek lewe elke dag voluit," sê hy. Fanie is ook die afgelope drie jaar gelukkig getroud. "Dit is nie so 'n moeilike stap nie, maar jy moet weet waarvoor jy jou inlaat en behalwe dat jy jouself monitor vir enige mondsere of snye, moet jou man of vrou ook versigtig wees. Dis 'n aanpassing, maar dis baie normaal."

Op die oomblik is hy meer besorg oor studente-menings oor MIV/Vigs. "Vir baie studente is dit die eerste keer wat hulle iemand met MIV/Vigs ontmoet en hulle kennis oor die siekte is onge-looflik swak. Die wat sê hulle ken die feite kan gewoonlik nie eers die vraelys antwoord wat ons vir hulle uitdeel nie. Ek dink studente moet wakker skrik en leer om oor seks te praat, want jy kan nie 'n gesprek oor MIV/Vigs voer sonder om seks ook te betrek nie."

Hy voel ook baie sterk daaroor om die negatiewe woorde wat met MIV/Vigs gepaard gaan uit te roei. "Besmet is een van daardie woorde waarvan 'n mens ontslae moet raak. Ek voel heeltemal vuil as iemand sê ek is met MIV/Vigs besmet," sê hy. Sy boodskap aan studente is eenvoudig: "Neem verantwoordelikheid vir jou eie seksualiteit, want alhoewel MIV/Vigs 'n siekte is wat hanteerbaar is, is dit nie iets wat jy graag wil hê nie."